

ST. JOHN FISHER & ST. THOMAS MORE

22 JUNIE

(ST. JOHN FISHER (1477-1533) & ST. THOMAS MORE (1469-1533))

Thomas More, die kanselier van Engeland en sy vriend John Fisher, biskop van Rochester moes kies tussen dit wat hulle met hart en siel geglo het en hul lojaliteit aan hul aardse vors, die koning. Hulle was albei uiters bekwame en toegewyde manne in hul onderskeie ampte, manne van integriteit, waarna almal opgesien het. Juis daarom was hulle so gevaarlik in die oë van koning Hendrik VIII, wat die Engelse Kerk van Rome losgemaak het en 'n eie koers laat inslaan het, toe hy nie sy sin kon kry nie. Daarom het hy dié twee Christelike humaniste laat vermoor.

